# VANWYKSVLEI: 'N STREEKHISTORIESE SKETS

*J.C.S. van der Merwe*

Die distrik Carnarvon word deur die Kareeberge, wat oos-wes deur die distrik lê, in twee verdeel. Suid van die berge en aan die spoorlyn lê die dorp Carnarvon; noord van die berge lê Vanwyksvlei. Van die twee dorpe is Carnarvon, wat reeds in 1875 aangelê is, die oudste. Die naam "Van Wyks Vley" kom egter reeds baie vroeër op kaarte voor, dan wel as plaasnaam. Die dorp wat in 1882 gestig is, is geleë in 'n uitgestrekte vlakte op die pad tussen Carnarvon (82 km) en Kenhardt (145 km). Die vlaktelandskap word plek-plek afgewissel met rooi sandduine en ysterklip- en skalierantjies soos dié wat wes van Vanwyksvlei voorkom. Noord van Vanwyksvlei lê daar 'n rooi sandduinreeks van oos na wes, al langs die voet van die waterlose Kaiingbulte.

## VESTIGINGSTYDPERK

Water is sedert die vroegste tye 'n towerwoord in hierdie geweste. Met 'n gemiddelde jaarlikse reënval van 180 mm is Vanwyksvlei een van die droogste dele van die sentrale Karoo. Die eerste Blankes wat die gebied binnegedring en hulle mettertyd daar gevestig het, het nogtans volop wild en roofdiere hier aangetref, vandaar plaasname soos Olifantsvlei, Kwaggakolk en Leeukolk. Op die plaas Olifantsvlei is in 1922 'n renoster se neushoring opgetel en die volledige kopbeen van seekoeie is in die vyftigerjare in 'n fontein op die plaas Stinkbrak (so genoem omdat die water 'n sterk kruitreuk het) gevind.

Baie plaasname gee 'n aanduiding dat die eerste boere van tydelike water afhanklik was. Daar is nie minder nie as vier plase waarvan die naam op *pan* eindig: Gannapan, Vevierspan, Geelbospan en Jagpan. Die panne het nie baie lank reënwater gehou nie; die water het maar vlak gestaan en is heen en weer deur die wind gewaai.

In die omgewing is daar agt plase waarvan die name op *kolk* eindig (onder meer Kwaggakolk en Steenkampkolk) en dieselfde getal met die agtervoegsel *vlei* (byvoorbeeld Vanwyksvlei, Olifantsvlei en Gansvlei). Die woord *put* kom vier maal in plaasname voor: Kalabasput, Vermeulensput, Ekkerdsput en Vaalput. Hierdie naamgewing is 'n aanduiding dat die onderaardse water maar moeilik bekombaar was aangesien dit diep en in die meeste gevalle van swak gehalte was.

Verskeie plaasname getuig van die boer se vernuf en logika. Hy het gou agtergekom dat die reënwater wegvloei en die wat in kolke, panne en vleie oorbly, gou opdroog, met die gevolg dat hy weer moes trek na ander plekke waar water was. Noodgedwonge moes die boer dus 'n geskikte plek soek waar hy 'n klein grondwal kon maak en dié met klippe kon straat. Wanneer dit reën, het die damme water opgevang en dit het die voordeel ingehou dat die boer langer op één plek kon bly. Dié konstruksies was dan ook die voorloper van die herwinningswerke wat 'n eeu later in hierdie kontrei toegepas is. Hierdie gronddamme het die bykomende voordeel gehad dat die ondergrondse water versterk is. Die meeste en oudste plase is by sodanige damme aangelê en veertien plaasname wat op *dam* eindig, word hier aangetref (onder meer Humansdam, Brilsedam, Hornsedam, Platdam en Hottentotsdam).

Die plaas Kromvlei, net suid van Vanwyksvlei, is reeds in 1859 by die Aktekantoor geregistreer. Op 28 November 1882 het Gerhardus Petrus Kempen die plaas vir sowat vyf jaar gepag. Daarna het Kempen se "insolv estate" weer na die koloniale regering oorgegaan. Die grond het staatseiendom gebly tot 9 Februarie 1933 toe dit aan die Nedersettingsraad van Vanwyksvlei oorgedra is. Die plaas Nieuwedam is reeds in 1873 aangeteken en op 15 Junie 1897 deur Gerhardus Wynand Jacobus Louw en Bernardus Hermanus Pieters gehuur. Die plaas Jakkalskolk is so vroeg as 1870 aangeteken en op 11 Oktober 1886 as paggrond aan Christian Rudolf Liebenberg toegeken.

Omdat alle soorte wild aanvanklik volop was, het die eerste intrekkers hulle nie veel oor voedsel vir die dag van môre bekommer nie; om vleis te bekom moes hulle maar net 'n geweer opneem en 'n bok skiet om in die behoefte te voorsien. Verder het die boere reeds in 'n vroeë stadium op klein skaal koring begin saai om in hulle eie behoefte te voorsien. Groente was by hulle nie van lewensbelang nie. Waar genoegsame water beskikbaar was, is later tuine aangelê en groente gekweek.

Vleis was steeds die hoofvoedselbron en het drie maal per dag op die spyskaart verskyn; letterlik in elke laagte, klofie en op ieder rantjie en berg het duisende stuks wild geloop. Volstruise het in troppe van honderde voorgekom en so laat soos 1923 is hier nog op hulle jag gemaak. Duisende springbokke het op die vlaktes en die Kaiingbulte voorgekom, voordat boere in 1933 begin het om hul plase met jakkalsdigte draad te omhein. Toe moes die springbokke wat nie ingekamp was nie, noordwaarts uitwyk voor die jaglus van die mens. Ook die duiker het ten spyte van sy waaksaamheid en ratsheid uitgesterf, en nie een word meer in die streek aangetref nie.

Die mak en skugtere steenbokkie kom nog op elke plaas voor hoewel sy uitwissing eerder te wagte was, deurdat hy so nuuskierig en mak is. Aangesien die duinpou en gompou trekvoëls is, kom hulle nog heelwat voor met reëntye.

Heuning was vroeër volop en in bykans elke gat of skeur is 'n bynes aangetref. Omdat winkels baie ver was (Victoria-Wes, Beaufort-Wes en later Carnarvon), was suiker en ander kruideniersware nie geredelik verkrygbaar nie; gevolglik is heuning as 'n ideale plaasvervanger vir suiker gebruik. Dit het gedien as kalorie-aanvuller, medisyne en as 'n drank nadat dit sekere prosesse deurgaan het. Dat die heuningby vandag baie skaars is, is veral te wyte aan die moderne gifstowwe waarmee insekte bestry word.

Koffie was 'n duur en skaars artikel. Om dit te rek, is gebruik gemaak van gedroogde vye- en pampoenskille of koring wat soos koffie gebrand en dan met koffie gemeng


is. Verder is die ou veelbesproke witgatboom se wortel uitgegrawe en gedroog voordat dit in die gewone ysterkoffiemeul of op 'n plat klip met 'n ronde klip fyn gemaal is. Hierdie grawery het meegebring dat die witgatboom se voortbestaan wesenlik bedreig is.

## KOMMUNIKASIE

In so 'n afgesonderde en uitgestrekte gebied is kommunikasie van groot belang. Aanvanklik was die vernaamste vervoermiddel die ou staatmakerbokwa wat deur osse en later deur donkies getrek is. Die bokwa moes dien as woonplek, skuiling, geboorteplek, klaskamer en hospitaal. Dit was die bruid se suite, gestorwenes het daarin in staatsie gelê en dit was die plek waarin die mens met sy Skepper kon kommunikeer. Later is ook die "bokkie" of oop kar gebruik terwyl gegoedes ook nog 'n kapkar wat deur perde of muile getrek is, besit het.

Paaie was daar nie en die wat daar wél was, sal vandag nie as paaie deurgaan nie; daarom moes die wa- en karmakers die voertuie sterk en duursaam bou om die skokke te weerstaan. As daar iets gebreek het moes die reisiger maar self herstelwerk onderneem met die primitiewe gereedskap wat tot sy beskikking was.

Voordat die dorp Vanwyksvlei aangelê is, was die naaste poskantoor op Carnarvon. Die pos is van Carnarvon af per muilkar, perdekar en selfs te perd vervoer en is baie ongereeld afgelewer of soms deur reën vertraag. Die eerste poskantoor op die dorp is geopen in 'n gebou onderkant die dam. Later is dit verskuif na die plek wat bekend geword het as die "soutstoor". Aanvanklik was die poskantoor net 'n posagentskap, maar in 1894 het dit 'n telegraafkantoor bygekry en ook 'n tak van die posspaarbank.




*Die rousteen-murasie van die "soutstoor" waar die poskantoor ook in 'n stadium gehuisves was.*

J.C.S. VAN DER MERWE

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog is hierdie poskantoor tydelik gesluit omdat die Britse magte dit aan die brand gesteek het. Eers in 1902 is die poskantoor heropen, maar op 'n heel ander plek. Vir bykans 27 jaar het die poskantoor van die een woonhuis na die ander rondgeswerf. Aan die begin van 1929 is 'n nuwe poskantoorgebou in gebruik geneem op dieselfde perseel waar die oue tydens die Tweede Vryheidsoorlog afgebrand het.

Op 1 Oktober 1916 is 'n telefoonsentrale ook op die dorp geopen. Die heel eerste telefoon wat op Vanwyksvlei



*So het die eerste motortjie wat in Vanwyksvlei gebruik is, daar uitgesien.*

FOTO: J.C.S. VAN DER MERWE

geïnstalleer is, is nog in die poskantoor in gebruik. Op 8 Desember 1928 is die eerste private telefoon aan L. Nussbaum verskaf, aan wie ook die eerste privaatposbus (No. 1) verhuur is nadat die diens in 1941 ingestel is. Die posagentskap het op 20 Desember 1949 die status van 'n volwaardige poskantoor gekry en eers daarna is telefone vryelik aan die publiek beskikbaar gestel teen 'n huur van £5-0-0 per jaar.


## EKONOMIE

Water en ekonomie is sinoniem op Vanwyksvlei. Toe die eerste trekboere die gebied betree het, was water hul vernaamste kommoditeit. Soos reeds aangedui, was hulle afhanklik van reënwater wat in kolke, vleie en panne bymekaar gevloei het. Wanneer hierdie bronne opgedroog het, is daar in die rivierbeddings gorras (goraas) gegrawe waaruit syferwater bekom is. Later is putte gegrawe en water is met wippe of windlasse gehys, afhangende van die diepte van die put.

Die boere het besef dat hulle meer van reënwater gebruik moes maak en het opgaardamme begin bou. Namate die behoefte aan water toegeneem het, het die watervlak gedaal; gevolglik moes steeds dieper geboor word om by die water uit te kom. Die waterprobleem het ook van regeringsweë aandag geniet en al die landmeters het opdrag gekry om tydens die uitvoering van hulle normale pligte op die uitkyk te wees vir geskikte terreine vir die bou van besproeiingsdamme.

Garwood Alston, 'n landmeter wat hom in 1856 in Suid-Afrika gevestig het, het die Vanwyksvleistreek goed geken aangesien hy hom in 'n stadium op die plaas Bottersleegte in die huidige distrik Carnarvon gevestig het. Alston het die moontlikhede van 'n besproeiingsdam op Vanwyksvlei gesien. Op die plek wat hy as ideaal vir die bou van 'n dam beskou het, lê die rante redelik na aanmekaar en die leegte wat die dam moes voed, het 'n groot opvangsgebied. Die besproeibare grond was onbeperk, vrugbaar en diep. Alston het verskeie pogings aangewend om die regering se goedkeuring te verkry vir die bou van 'n besproeiingsdam. Op 5 Julie 1879 is 'n kommissie aangestel om te bepaal in hoeverre die voorgestelde dambouprojek vir besproeiingsdoeleindes geskik was.

Op die bloudruk wat Alston in 1880 voorgelê het, word aangedui dat ene Dodds reeds 'n winkel in die omgewing gehad het. Aan die westekant van die leegte waarin die dam gebou moes word, was ook reeds 'n plaaswoning asmede 'n damwal gestraat met ysterklippe in die leegte se loop; hier is drinkwater vir diere opgevang. Alston het ook gemeld dat die datumpen waarvandaan



*'n Sketskaart deur G. Alston van die dam en sy omgewing (ca.* 1880).
FOTO: J.C.S. VAN DER MERWE

hy die dam opgemeet het, reg onder die stoep van Dodds se winkel was.

Toe daar in 1882 met bouwerk aan die dam begin is, moes huisvesting vir die werksmense gevind word: vân die amptenare het hul intrek geneem in die huisies wat digby die winkel van Dodds gestaan het, maar die meeste arbeiders het in tente gewoon. Die klopskerms waarin die Kleurlinge gewoon het, kan nog teen die rant onderkant die oostelike damwal gesien word. Die damwal wat van gruisgrond gebou is, is 311 meter lank en 9,7 meter hoog terwyl die watermerkhoogte 8,2 meter is. Die damwal is oor die hele lengte met potklei verseël om te verhoed dat water deursyfer.

Destyds was daar geen moderne masjinerie nie en gewone bakskrapers en wielskrapers wat deur osse, muile of donkies getrek is, is gebruik om die grondverskuiwings te doen. Daar is ook van beesvelhouers gebruik gemaak: draaghoute is weerskante van 'n beesvel vasgemaak en deur twee man gedra. Die grond is met grawe in die vel gegooi en tot op die wal gedra waar dit uitgegooi is. Aan die waterkant is die damwal netjies met ysterklippe van 0,3 meter uitgestraat. Die klippe is per slee deur donkies en osse van die rante in die omgewing gekarwei — die paaie teen die helling van die rante is vandag nog duidelik sigbaar.

By die oostelike punt van die damwal, aan die kant van die watervlak, is ook 'n toring ingebou; hierop is vyf staalsluise gemonteer wat met 'n meterlange sleutel oopen toegedraai word. Die sluise wat in die Verenigde Koninkryk vervaardig is, word gebruik om water aan die kant van die toring of onder die toring deur te laat.

Om toegang tot die toring te verleen, is dertien ystertrappe in die vorm van 'n hoefyster gebuig stewig in die muur ingebou. Aan die binnekant is die toring hol soos 'n rondawel, en ook daar is 'n identiese stel ystertrappe aangebring. Die toring is gebou van klippe wat bestand is teen verwering en wat van Frankie se kop af met bokwa en donkies aangery is. As die dam vier meter water het, is die toring deur water omsluit en kan dan slegs per skuit bereik word.

Nadat Alston 'n versoek aan die Departement van Besproeiing gerig het, is daar in 1883 begin om 'n brug van die damwal na die toring te bou; sodoende is dit makliker gemaak om die toring te bereik. Die brug bestaan uit twee staalsegmente, elk nege meter lank, met een staalpilaar in die middel. Dit is van Carnarvon-stasie af met bokwaens aangery en die hele konstruksie is op die grond aanmekaar gesit, in die regte posisie geplaas en daarna met toue opgehys. Die werk is verrig deur Abraham Oberholzer, Andries en Piet Ludick, en 'n aantal helpers. Die koste verbonde aan die damwal het £33 000 beloop.

Na voltooiing van die dam in 1884 is die eerste besproeiingsgrond onderkant die wal aan boere uitgegee om te bewerk. Dit het baie werk gekos om die oorgroeide grond skoon te kry voordat daar geploeg en gesaai kon word. Aanvanklik het besproeiing net direk onderkant die dam plaasgevind. In sy verslag vir 1886 meld Alston dat hy die besproeiingsgrond tot 700 morg beperk het, maar dat hy tôt 900 morg aan die boere sou kon toeken indien die hoofkanaal drie keer groter was. In 'n verdere verslag dui hy aan dat hy reeds agt km waterleivore gebou het. Sy werk was van velerlei aard want hy moes al die lande opmeet en 'n verdere 48 km leivoor voltooi. Om in die boere se waterbehoeftes te voorsien, was dit noodsaaklik dat die voor drie keer vergroot moes word aangesien die ploegseisoen kort is en die boere almal gelyktydig water wou hê. Voorts moes een van die kleiner damme onderkant die dam herstel word sodat die surplus leiwater daarin kan vloei. Dit sou drinkwater aan mens en dier verskaf in 'n gebied waar geen standhoudende water voorkom nie.

In sy verslag vir 1889 noem Alston dat sy vernaamste taak in daardie jaar was om water uit die Carnarvonleegte na die Vanwyksvlei uit te keer. Hy sê dat daar minstens 454 000 kiloliter water met die kanaal van die Carnarvon-leegte na die dam sou vloei wat sou help om die tekort in tye van droogte aan te vul. Op 6 November 1888 het hy toestemming verkry om met die bou van die kanaal te begin. In Februarie 1889 het hy met sy eerste grondverskuiwingswerk begin en vroeg November het die eerste water deur die kanaal na die dam gevloei. Die lengte van die kanaal was meer as elf km. Gelyktydig is 'n tuinvoor ook na die dorp gemaak, en 'n aantal kafhokke en trapvloere uitgelê.

Die dam het wel die boere se probleme in 'n mate verlig maar nie heeltemal opgelos nie en hulle het verskeie krisisse beleef soos blyk uit 'n berig in die *Cape Argus* van 2 Januarie 1896. Hierin word gemeld dat die droogte steeds voortduur en ernstige afmetings aanneem. Sedert April die vorige jaar het nog geen noemenswaardige reëns geval nie met die gevolg dat damme en putte op die plase opgedroog het en die veld in 'n uiters swak toestand was. Die droogte en warm winde het talle springbokke en skape van maerte en dors laat vrek. Ondanks die droogte het die boere op Vanwyksvlei nog sowat 2 750 mud koring gewen danksy besproeiing uit die dam. Die berig het egter gelui dat die vrugte-oes as gevolg van swaar ryp swak sou wees; daarbenewens is die wingerdstokke deur 'n siekte aangetas wat die jong druiwe laat sleg word en afval het.

Aangesien die besproeiingsboere ook groot troppe vee op die nedersetting se gemeenskaplike weiding aangehou het, het hulle saam met die veeboere onder veesiektes gebuk gegaan. Brandsiekte het in 1895 sy verskyning in Vanwyksvlei gemaak en groot ontwrigting en veeverliese meegebring. Spesiale voorsorgmaatreëls was nodig om die siekte te beheer en ingevolge brandsiektewetgewing van 1894 en 1899 is onder meer bepaal dat: "Art 14. Gedurende vier agtereenfollende maande, fan 1 Few 1900 en weer fan 1 Few 1901 sal daar 'n gelyktydige dip wees van alle besmette kuddes deur di hele kolonie. Art 24. Di afdelings Calvinia, Carnarvon, Ceres, Clanwilliam, Fraserburg, Kenhardt, Namaqualand, Prieska,

Sutherland en Vanwyksvlei sal as een afdeling beskou worde, en meer bepaald fer di doeleindes fan post 1 fan hoofakte."

Op Vanwyksvlei is 'n dipdepot opgerig en met verloop van tyd is meer dipgate gebou om in die behoeftes te voorsien. Aan die regterkant van die pad na Brandvlei, noord van die hoogte en 'n entjie buitekant die dorp, is twee sulke dipgate gebou. Die put wat water aan die dipgate voorsien het, was nét noord van die boonste dipgat. 'n Mengsel van kalk en swawel is gekook totdat dit 'n vuilgroen skynsel gehad het waarna dit by die water gevoeg is. Die water wat vir die dipgat gebruik is, is uit dieselfde put geskep waaruit die drinkwater gekom het. Aangesien die water met dieselfde emmer waarmee die dip geskep is uit die put getrek is, is die drinkwater besoedel. 'n Drukpomp wat aan die gesondheidskomitee behoort het, is later opgerig en dit het die besoedeling uitgeskakel.

Een van die grootste probleme van die nedersetting wat nie deur die beplanners van die besproeiingskema voorsien is nie, was verbrakking van die grond. Hierdie toestand wat aan verskeie oorsake toe te skrywe is, word herhaaldelik in regeringsverslae vermeld.

'n Minder ernstige probleem maar een wat tog voortdurende ongerief veroorsaak het, was die voorsiening van drinkwater. Voordat boorgate algemeen in gebruik was, was die inwoners afhanklik van putwater. 'n Put met 'n diepte van twaalf meter is deur die Departement van Besproeiing langs die Brandvleipad gesink. Die water het nie lekker gesmaak nie maar was darem bruikbaar. Om die water te put, is van 'n windlas gebruik gemaak. Tussen die lokasie en dorp was 'n put waaruit die Kleurlinge hul water bekom het.

In 1911 is die staatsboor vrygestel om in die distrikte Calvinia, Carnarvon en Fraserburg te boor. Op Vanwyksvlei is daar vermoedelik toe ook 'n boorgat langs die "goewerments put" geboor. Na 1917 het bykans elkeen wat dit kon bekostig 'n waterkar gehad waarmee water van die boorgat af na die dorp gekarwei is. Later het die boorgat se water só verswak dat dit nie in die behoefte van die gemeenskap kon voorsien nie. In 1919 het die pastorie van die Ned. Geref. gemeente donkies en tuie bekom om 'n waterkar te trek. Twintig jaar later het ds. B.H. Visser sy dank aan die kerkraad betuig vir die windpomp wat water aan die pastorie verskaf het. Van toe af het dorpsbewoners die een na die ander aansoek by die Nedersettingsraad gedoen om boorgate langs die tuinvoor te sink. Die waterskema is aangevul deur die tuinvoor wat van tyd tot tyd vars water aan die inwoners verskaf en tewens die onderaardse water aangevul het. Vir £1 per jaar — sonder belasting — kon 'n mens net so veel water gebruik as wat jy uit die aarde kon haal.

Gedurende 1941/42 is 'n tweede boorgat langs die Kalabasputpad geboor. Op 21 April 1977 is die eerste water in die reservoir op die koppie noord van die Kalabasputpad gepomp. 'n Week later is water ook aan die Kleurlinge beskikbaar gestel en die ontvangs daarvan is luisterryk gevier.

## ONDERWYS

### Beginjare

Nadat die dam in 1884 voltooi is, is die Vanwyksvleileegte in erwe opgesny; van 'n dorp was daar toe nog geen sprake nie aangesien die woonbuurt by die dam was. In 1893 is die eerste skooltjie gestig — sonder staatsondersteuning. Mej. Katie Barry, dogter van Carnarvon se magistraat, is aangestel om aan ongeveer veertien kinders onderrig te gee. Die onderwys wat die leerlinge ontvang het was karig: die *Step by Step*, Engels, Nederlands en 'n bietjie rekenkunde. Die skoolmeublement het bestaan uit 'n tafel (buikplank van 'n wa), lang banke sonder rugleunings, stoele en kaste. Twee jaar nadat dit geopen is, het die skool staatsondersteuning begin ontvang. Die skooltjie moes later egter gesluit word omdat die mense die dam verlaat het om hul laer af te vestig, dit wil sê waar die huidige Vanwyksvlei aangelê is.

Die eerste skooltjie op Vanwyksvlei self is in 1898 gestig met 'n mnr. Cochrane as die enigste onderwyser. Toe die Tweede Vryheidsoorlog in 1899 uitbreek, het Cochrane die wyk geneem en die skool is vir die duur van die oorlog gesluit. Die gemiddelde getal kinders op die skoolrol was ongeveer 20. Die skool het bestaan uit een lang klaskamer in 'n private huis waarvan die res deur die onderwyser bewoon is. Die volgende onderwyser, 'n mnr. Parkinson, het aangebly tot 1919 en in sy tyd het die leerlingtal geleidelik toegeneem: in 1914 was daar 23 kinders en teen die begin van 1920 het die getal tot 61 gestyg.

### Die skool "op den Landen"

Intussen het die bevolking van "die Lande" só vinnig toegeneem dat 'n skool in 1915 aldaar geopen is met mnr. Furtur as eerste onderwyser. Die kinders was sonder uitsondering Afrikaanssprekend en die inspekteur het in 1915 gekla dat die kinders beter in "Dutch" as in Engels was. Die skool het later verhoogde status gekry en 'n assistente is aangestel. In 1923 het die skoolkommissie die skoolraad van Carnarvon in kennis gestel dat aangesien die graad van Vanwyksvlei se dorpskool nie verhoog sal word nie, hulle besluit het om nie langer kinders wat st. IV aan die skool op "die Lande" voltooi het na Vanwyksvlei te stuur nie.

In Januarie 1926 is die graad van die dorpskool tog verhoog na dié van sekondêre skool, en die skool op "die Lande" het 'n eenmanskool geword. Teen die einde van 1939 het die laaste onderwyser "op den Landen" vertrek waarna die Departement die skool gesluit het. 'n Busdiens is ingestel waarmee die kinders van "die Lande" daagliks na die Vanwyksvleiskool vervoer is.

### Vanwyksvleiskool ná 1920

Aan die begin van 1920 het S.W. Burger sy pligte as hoofonderwyser by 'n kwynende primêre skooltjie met 26 leerlinge aanvaar. Die groei was hierna egter buitengewoon snel en op 24 September 1920 was daar reeds 95 skoolkinders en kon 'n nuwe assistente aangestel word. Klasruimte het nou 'n vraagstuk geword en sommige kinders moes verskuif word na 'n treurige kamertjie ver van die skool af. Vertoë in verband met die oprigting van 'n nuwe skoolgebou is onverwyld tot die Departement gerig.

Op 6 Mei 1921 is 'n brief op Carnarvon voorgelees waarin die Departement sy toestemming gegee het dat 'n skoolgebou onder toesig van 'n klerk van werke opgerig word. By die opening van die nuwe skool was daar 102 kinders, genoeg ruim klaskamers en voldoende voorraad. Sedert 1925 is vergunning aan die skool verleen om sekondêre werk te doen en 'n sekondêre assistent is ook aangestel; van die begin van 1926 af het die dorpskool sekondêre status verkry. Die getal leerlinge het steeds toege-



neem en is in 1940 verder aangevul deur kinders van die skool "op den Landen".

Ná die koms van mnr. Burger het die vermeerdering in die getalle 'n dringende behoefte aan 'n koshuis laat ontstaan; die oprigting van 'n gebou waar alle kosgangers kon tuisgaan, is deur die inspekteur aanbeveel en £1 600 is deur die Departement bewillig vir die bou van 'n skoolkoshuis op Vanwyksvlei. Einde 1927 is hierdie gebou betrek en in 1930 het die Departement toestemming gegee vir die omheining van die grond en die oprigting van 'n windpomp. Die volgende jaar is die omheining afgehandel en 140 bloekombome aangeplant.

Teen die einde van 1922 het die Ned. Geref. Kerk die onderwyserswoning as "armkoshuis" verhuur. Net die volgende jaar was dié koshuis al weer te vol. Die toeloop van kinders na die "armkoshuis" moet daaraan toegeskryf word dat die meeste ouers maar behoeftig was en dit nie kon bekostig om hul kinders in die ander (skool-)koshuis te plaas waar vir die inwoning betaal moes word nie.

## WET EN ORDE

### Polisie en patrolliewyke


Voordat Vanwyksvlei tot stand gekom het, is wet en orde in dié geweste deur Carnarvon se polisie gehandhaaf. Tydens die bou van die dam was hier van tyd tot tyd geregsdienaars gestasioneer. Dié polisiemanne was lede van die Cape Mounted Police. In 1902 het die eerste polisiekantoor afgebrand waarop die kantoor toe na erf 94 (ou erfnommer) verskuif is. Die gebou het bestaan uit vier vertrekke en 'n gang en het nie net as polisiekantoor nie, maar 'n tyd lank ook as poskantoor gedien, terwyl dit terselfdertyd huisvesting aan die ongetroude konstabel

*Personeel en leerlinge van die skool "op den Landen", 1918.*
FOTO: J.C.S. VAN DER MERWE

gebied het. Die gebou was in gebruik tot 1926 toe dit deur 'n nuwe polisiekantoor vervang is. (Lêers in verband met die polisiegebou dateer eers uit 1914.)

Die Vanwyksvleigebied is oorspronklik in sewe wyke verdeel wat gereeld deur die polisie gepatrolleer moes word. Party van die wyke was só uitgestrek en die afstande só groot dat dit soms 'n week geduur het om 'n roete te voltooi. Die berede polisie het tot 1929 diens gedoen. Omstreeks dié tyd het Vanwyksvlei se polisie motorfietse gekry vir diens in die distrik; op die dorp self is van trapfietse gebruik gemaak. Nadat sersant Dawson na Vanwyksvlei verplaas is, is daar weggedoen met perde vir patrolliedoeleindes.

*Die gebou wat tot 1926 as polisiekantoor en 'n tyd lank ook as poskantoor diens gedoen het.*



**Periodieke hof**

In 'n verslag aan die Departement van Besproeiing meld Garwood Alston in 1889 dat hy reeds in 1887 aanbeveel het dat daar huisvesting aan die besoekende magistraat verskaf moes word aangesien sy huis (Alston s'n) te klein is om ook onderdak aan die magistraat te verleen. Sy voorstel was dat nog vertrekke by die bestaande gebou toegevoeg word, een van 7,6 x 6,5 meter en nog twee van 3,7 x 4,6 meter. Daarin kon hofsittings gehou word, die magistraat en sy amptenare gehuisves word, en ook plek vir die poskantoor ingeruim word. Die gebou wat gedurende 1926 vir hierdie doel opgerig is, het later as die "soutstoor" bekend gestaan en is eers in 1975 gesloop.

In 1973 het Carnarvon se landdros die Vanwyksvlei-Boerevereniging in kennis gestel dat die periodieke hof voortaan nie meer op Vanwyksvlei sitting sou hê nie.

**Die gevangenis**

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog is onder meer ook die tronkgebou afgebrand maar later is dit gerestoureer. Hierdie eerste tronk het bestaan uit 'n ringmuur van 2,4 tot 2,7 meter hoog waarvan die afmetings 7,3 x 6 meter was. Skerp bottelstukke is in die muur vasgemessel. Aan die suidekant het 'n deur toegang tot die ringmuur (yard) verleen; aan die oostekant van die deur was 'n klein vertrekkie wat gedien het as bergplek vir besems, emmers, borsels en grawe. Daar was ook 'n binneplein (oefenplein) van 7,3 x 6 meter met 3,7 meter hoë mure rondom. Die vloer was van gewone grond en die dak is bo met doringdraad toegespan. Die huidige tronk is op dieselfde plek opgerig waar die oue gestaan het.

## TWEEDE VRYHEIDSOORLOG

C.C. McMillen noem in sy verslag vir 1902 aan die Departement van Besproeiing dat 'n aantal Kaapse rebelle aan die begin van daardie jaar hul opwagting in die omgewing van Vanwyksvlei gemaak het. Sommige het op naburige plase kamp opgeslaan maar tog die dorp hul patrolliegebied gemaak. Volgens McMillen was hy verplig om na Carnarvon uit te wyk (veral weens die voedselskaarste op Vanwyksvlei) waar hy tot die einde van die oorlog gebly het.

Diegene wat op die nedersetting by Vanwyksvlei agtergebly het, het nie die gevolge van die oorlog vrygespring nie. In sy verslag oor die nedersetting skryf Eric A. Nobbs in 1903 (G. 39—1904): "What has led up to the present crisis is that one year the crops had to be destroyed to prevent them falling into the hands of the enemy, the next year on account of the war nothing was sown, the third year peace came too late to allow of the seed being put in, and now this season want of rain has prevented sowing".

## DORPSONTWIKKELING EN -BESTUUR

Voordat die dam gebou is, was "Van Wyks Vley" maar net nog 'n plaas. Die plaas ontleen sy naam aan die Van Wyk-Basters wat in die geweste gewoon het. Die dorp het sy ontstaan en stigting te danke gehad aan die bou van die besproeiingsdam waarna goeie vordering gemaak is. Toe die eerste erwe verkoop is, het daar volgens McMillen reeds 'n paar geboue gestaan, te wete 'n groot stoor en 'n meulhuis, asook twee woonhuise, die een voltooi en die ander in aanbou. In 1895 is daar begin met die bou van 'n groot winkel en aangrensende woonhuis deur Von Grossicks en Kie.



*Jannetjie van Wyk (1864—1967), 'n nasaat van die Van Wyk-Basters aan wie Vanwyksvlei sy naam ontleen.*

FOTO: J.C.S. VAN DER MERWE

Die eerste huise is van rou- of kafstene gebou met kleidakke en -vloere — slegs enkeles het sinkdakke gehad. Die ou pastorie en die huis wat deur Ducket bewoon was, is deur Eddie Alston gebou en was die eerste wat van baksteen gebou is. Hierdie huise was ook voorsien van sinkdakke en plankvloere. Die Alstons se eie woonhuis en die gebou wat later as skool, kerk en uiteindelik as "meisiekoshuis" bekend was, is ook van bakstene gebou.

Regulasies ingevolge waarvan die bestuur en orde van die dorp aan die Departement van Besproeiing opgedra is, is vroeg reeds opgestel. Op sy beurt het die Departement weer plaaslike persone aangestel wat moes toesien dat orde en wet gehandhaaf word.

In 1896 het 'n verandering in die dorpsbestuur ingetree toe die beheer van die Departement van Besproeiing na die Departement van Lande oorgedra is. In 'n buitengewone staatskoerant van 3 April 1929 het die minister van Lande goedkeuring gegee dat sy magte en regte oorgeneem word deur die Vanwyksvlei-Nedersettingsraad. In 'n kennisgewing van 23 Augustus 1929 word gemeld dat die magistraat van Carnarvon 'n vergadering van eienaars van saailotte op Vanwyksvlei sal belê met die doel om lede te kies wat in die Nedersettingsraad moes dien. Carnarvon se magistraat het as voorsitter opgetree. Drie lede wat die dorp verteenwoordig, is deur eienaars van boupersele op die dorp verkies, en drie lede deur eienaars van saailotte. Die sewe lede saam het die Vanwyksvlei-Nedersettingsraad gevorm.

Die eerste gesondheidsraad is 30 Oktober 1908 gekies. Op 1 November 1929 het die afdelingsraad van Carnarvon per brief hul regte, besittings en verantwoordelikheid aan die Vanwyksvlei-Nedersettingsraad oorgedra. Vanwyksvlei het in 1972 'n dorpsbestuur gekry terwyl munisipale status in Februarie 1975 toegestaan is. ■

**BRONNE**


ONGEPUBLISEERDE BRONNE
Ned. Geref. Kerk, Vanwyksvlei: Kerkraadnotule 1917.
REGERINGSPUBLIKASIES
*Kaapse Blouboeke*
G. 16 — 1891 Report of the geological and irrigation surveyor, 1891.
G. 31 — 1892 Report of commission on Van Wyks Vley estate.
G. 32 — 1892 Report on the geological and irrigation surveyor, 1892.
G. 28 — 1893 Report of the geological and irrigation surveyor, 1893.
G. 39 — 1904 Reports of the agricultural assistants, Cape Town, 1903.
G. 59 — 1907 Report on the working of Van Wyks Vley estate, 1907.

3. INLIGTING VERSKAF
Alston-familie.
Departement van Besproeiing: verslae van G. Alston.
Departement van Justisie.
Departement van Poswese.
Departement van Waterwese: brief.
Dorpsbestuur van Vanwyksvlei.
PERIODIEKE PUBLIKASIES
*The Cape Argus*, 2.1.1896.